
**Die koperslang – Net nog 'n opstand?**

**Num 21:4-9**

**29 Augustus 2021**




1. Essensie van die gedeelte: Soos die koperslang in die woestyn verhoog is, so sal die Seun van die Mens ook verhoog word (Joh 3:14-15)
2. Geografiese agtergrond:
   a. Sien kaart
   b. Dat die volk om Edom moet trek, verduidelik hulle frustrasie – en hernude opstand
3. Geskiedenis van klagtes oor kos en water:

| Plek | Teks | Klag | Respons van die Here | Uitkoms deur die Here | Reaksie van die volk |
|---|---|---|---|---|---|
| Mara | Eks 15:22-26 | Gebrek aan water | Here beproef volk<br>Verwag gehoorsaamheid<br>Beloof voorwaardelike versorging | Soet water | Drink |
| Sinwoestyn | Eks 16:1-36 | Verlang na Egipte<br>Gebrek aan kos | Here beproef volk<br>Besef Hy is die Here<br>Beloof daaglikse versorging | Manna, kwartels | Vergryp hulle aan kos |
| Refidim | Eks 17:1-7 | Verlang na Egipte<br>Gebrek aan water | Slaan rots met Moses se kierie<br>Water vloei uit rots | Water | Drink |
| Kibrot-Taäwa | Num 11:4-35 | Verlang na Egipte<br>Wurg aan manna | Here het mag om te voorsien<br>Heilige Gees kom op 70 leiers | Kwartels | Vergryp hulle aan kwartels |
| Eerste geslag ↑<br>Tweede geslag↓ | | | | | |
| Kades | Num 20:1-13 | Verlang na Egipte<br>Gebrek aan water | Praat met rots – Aäron se kierie<br>Water vloei uit rots<br>Die Here maak Hom bekend as die Heilige | Water | Drink |
| Koperslang (Horberg na Rooi See) | Num 21:4-9 | Verlang na Egipte<br>Gebrek aan water, kos, wurg aan manna | Sit 'n koperslang op 'n paal om na te kyk | Slange | Sonde-belydenis |

4. Interpretasie:
   a. Manna = Jesus (Joh 6:32-35), Rots = Jesus (1 Kor 10:3), Water = Heilige Gees (Joh 7:37-39), Koperslang se verhoging = Jesus se kruisiging (Joh 3:14-15)
   b. Slang is simbool van sonde – Jesus word tot sonde gemaak vir gelowiges
   c. Koperslang: koper verwys na geregtigheid wat Jesus bewerk (vgl meublement in voorhof)
5. Ontvouende openbaring:
   a. Mara: Die Here verwag gehoorsaamheid, Hy sal sorg vir water/Heilige Gees
   b. Sinwoestyn: Hy sal sorg vir manna/Jesus – deur Jesus en Heilige Gees sal Hy gehoorsaamheid werk
   c. Refidim: Hy sal Rots/Jesus slaan i.p.v. volk, sal water/Heilige Gees gee – 1ste geslag
   d. Kibrot-Taäwa: Ontevrede met manna/Jesus – 1ste geslag – baie sterf (vgl Heb 6:4-6)
   e. Kades: Praat met Rots/Jesus, gee water/Heilige Gees – 2 de geslag
   f. Koperslang: Ontevrede met manna/Jesus, water/Heilige Gees, sterf deur slange, sondebelydenis, versoening deur koperslang/Jesus – 2de geslag